


# h e r w i n n i n g

# Hallo liewe kunstenaars!

Ek vertrou dat dit goed gaan met elkeen van julle.

Ek ontvang baie e-posse met foto's van wat julle met die pretlesse uitrig, baie dankie daarvoor! Ek gaan nie die foto's wat ek ontvang by die nuwe les byvoeg soos ek aan die begin gesê het nie, ek ontvang te veel om elkeen by te voeg. Hou asseblief aan om dit vir my te stuur indien jy wil. Ek geniet dit baie om te sien hoe kreatief julle is.

# Ons kyk hierdie week na herwinning en hoe belangrik dit in kuns is.

Om iets te herwin beteken om dit te hergebruik vir ‘n ander doel.

Baie kunstenaars gebruik afvalmateriaal om kuns mee te skep. Dit is baie gewild, want mense hou daarvan om te sien hoe kreatief die kunstenaars afvalmateriaal gebruik in plaas daarvan om dit net op die ashoop te los.


Kom ons kyk na ‘n paar Suid-Afrikaners wat bekend is vir die maak van kuns deur herwinning.

# Willie Bester

Hierdie naam gaan jy nog baie hoor! Willie Bester is ‘n internasionaal bekende kunstenaar. Baie van julle wat in Kuilsrivier woon sal dalk sy huis in Rouxville herken, baie mense praat van die blouhuis.

Die huis is versier met allerhande afvalmatriale van staal en yster gemaak. Wanneer hy kuns skep, is dit 2D of 3D. Ek dink dit is ongelooflik wat hy doen met iets wat ek en jy dalk sou weggooi!





# Heath Nash

Heath Nash is ‘n jong Suid-Afrikaner wat baie lief daarvoor is om met sy hande te werk. Hy het ‘n reeks ligte gemaak wat genoem is ‘’One man’s trash is another man’s treasure”. Dit verwys na die feit dat dit wat ek en jy dalk as afvalmateriaal sien is vir iemand anders goud werd, omdat hulle geld daarmee kan maak of hulle kan dit gebruik om hulle lewe te vergemaklik.

Hy gebruik plastiekbottels wat hy sny om die mooiste ligte mee te maak.







# JOU BEURT!

Hierdie week se les gaan oor jou eie kreatiwiteit en jou eie smaak. Die uitdaging is om iets alledaags te neem wat julle gaan weggooi by die huis en dit te verander in iets mooi of iets wat jy kan gebruik.

Die enigste reëls is dat jy niks mag gaan koop nie en jy moet probeer om Google te vermy vir idees.

Dink aan eierboksies, melkhouers, skoenbokse, doppies ensovoorts.

Jy mag jou kunswerk versier met dit wat jy by die huis het.

Ek hoop jy geniet dit!

# Hier is idees om jou kop aan die gang te sit













